Cambridge Assessment International Education

# Cambridge International AS Level

**AFRIKAANS LANGUAGE** **8679/02**

Paper 2 Reading and Writing **October/November 2022**

INSERT **1 hour 45 minutes**

*8696003969-I*

**INFORMATION**
- This insert contains the reading passages.
- You may annotate this insert and use the blank spaces for planning. **Do not write your answers** on the insert.

**INLIGTING**
- Hierdie bylae bevat die leestekste.
- Jy mag aantekeninge in hierdie bylae maak en die oop ruimte vir beplanning gebruik. **Moenie jou antwoorde** op die bylae **skryf nie**.

This document has **4** pages. Any blank pages are indicated.


© UCLES 2022

**AFDELING 1**

Lees **Teks 1** en beantwoord dan **vraag 1**, **2** en **3** in jou vraestel.

**Teks 1**

## Hoekom nog ’n taal aanleer?

1 “As jy met iemand praat in ’n taal wat hy verstaan, praat jy met sy verstand; as jy met hom praat in sy moedertaal, praat jy met sy hart.”

2 Dié aanhaling van oudpresident Nelson Mandela behoort genoeg motivering te wees om nog een van Suid-Afrika se 11 amptelike tale te leer. “Die ondersoek wat ons gedoen het,” sê ’n taalkundige, dr. Thabo Mkhize, “wys dat kennis van verskillende tale kommunikasie verbeter.” Volgens hom lei dit ook daartoe dat hegter bande tussen Suid-Afrikaners met verskillende moedertale ontstaan.

3 Die aanleer van ’n nuwe taal is ook goed vir jou brein. Navorsing wys dat die breine van mense wat meer as twee tale praat, fikser bly, sê Christine Bester, ’n spraakterapeut. Die rede hiervoor is dat die inspanning om tussen verskillende tale te wissel amper soos ’n gim vir jou brein is: Die brein word sterker en die grysstof vermeerder in die dele van jou brein wat werk met hoe jy leer en hoe goed jy onthou. “Ek het ontdek dat meertalige mense die wêreld rondom hulle beter analiseer. Dit was vir my opmerklik dat hulle makliker meer as een taak op ’n slag kon verrig. Volgens my los hulle probleme doeltreffender op en is hulle geheue ook beter.”

4 In Suid-Afrika kies die meeste mense wat reeds Afrikaans en Engels kan praat, en nog ’n taal wil bemeester, om Zoeloe te leer, sê prof. Tessa Cooper. “Zoeloe is tog die taal,” voeg sy by, “met die meeste moedertaalsprekers, naamlik ongeveer 22% van Suid-Afrikaners. Ook interessant is dat Zoeloesprekers Xhosa maklik verstaan omdat die twee tale aan dieselfde taalfamilie behoort. Verder het ek agtergekom dat moedertaalsprekers van tale soos Suid-Sotho en Tswana gewoonlik ook ’n bietjie Zoeloe verstaan,” verduidelik sy.

5 Jou kontaktyd met ’n taal – hoeveel jy daarmee in aanraking gaan kom – bepaal hoe suksesvol jy dit gaan kan aanleer. “As jy in die Wes-Kaap woon, oorweeg dit om Xhosa te leer. In Gauteng of KwaZulu-Natal is Zoeloe ’n goeie opsie, en in die Vrystaat Suid-Sotho,” sê prof. Cooper. Maar neem ook jou eie skool- of werkomgewing in ag: Dit help nie Zoeloe word wyd in die provinsie gepraat, maar jy werk meestal saam met Sotho-sprekers nie. “Jy sal waarskynlik dié taal vinniger aanleer omdat jy daagliks daarmee in aanraking kom, dit hoor en kan oefen,” sê sy. “Toe ek Venda wou leer, was daar Venda-vriende wat my ondersteun het. Dit het my gehelp om die taal te bemeester.”

6 Ten slotte: Onthou, meertaligheid verander die bril waardeur jy na jou wêreld kyk.

(Uit: *Huisgenoot*, 19 September 2019)

© UCLES 2022

**AFDELING 2**

Lees **Teks 2** en beantwoord dan **vraag 4** en **5** in jou vraestel.

**Teks 2**

## Kom ons leer mekaar se taal praat

1 Hoe gaan Suid-Afrika oor 20 jaar lyk? Ek droom dat dit op ’n positiewe manier anders gaan lyk. En hoe kan ons dit regkry? Deur mekaar se tale te leer en te respekteer.

2 Verbeel jou hierdie toneel: Twee Afrikaanssprekende tieners gaan sit in ’n restaurant. Die kelner groet hulle in gebroke Afrikaans met “Goeiemiddag”. Hulle giggel eers, maar voel dan ’n konneksie met die kelner, wat hulle taal probeer praat.

3 My oupa praat Xhosa en Zoeloe. Wanneer hy met mense in hul taal begin gesels, is hulle reaksie merkwaardig: Hulle straal vriendelikheid uit, is op hulle gemak en wíl graag met hom gesels. As iemand dus die moeite doen om jou taal te leer en met jou te praat, ontwikkel jy ’n positiewe houding teenoor hulle. Kennis van mekaar se tale bring mense nader aan mekaar en vul die gate in ons verhoudings met mekaar.

4 Ek weet Suid-Afrika het 11 amptelike tale en dat dit vir ons onmoontlik is om elkeen 11 tale te leer. As ons kinders egter kan begin deur groetvorme in die verskillende tale te leer, gaan ons almal nader aan mekaar voel en minder verdeeld wees. Ek hoop die jeug is gewillig om te leer, en besef die impak wat dit op hulle toekoms en die toekoms van Suid-Afrika kan hê. Ek hoop ook dat die ouers dit aanmoedig en saam met die kinders leer.

5 My ma is ’n graad 1-onderwyseres en leer tans vir haar kindertjies Zoeloe. Die opgewondenheid toe my ma uiteindelik tot 20 kon tel in ’n taal wat sy in Januarie nog nie kon praat nie, was verfrissend. Sy is begeester om meer te leer en só beter te kommunikeer.

6 Ek is baie lief vir my taal en my land. Hoe meer tale ek leer, hoe meer Suid-Afrikaans gaan ek wees, dink ek. As ons almal die moeite doen om mekaar se tale te leer, sal ons oor 20 jaar ’n meer verdraagsame Suid-Afrika hê, met groter eenheid.

7 Ek los julle met die wyse woorde van oudpresident Mandela: “As jy met iemand praat in ’n taal wat hy verstaan, praat jy met sy verstand; as jy met hom praat in sy moedertaal, praat jy met sy hart.”

(Uit: *Die Student*, 26 Junie 2019)

© UCLES 2022

**BLANK PAGE**

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge Assessment International Education Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cambridgeinternational.org after the live examination series.

Cambridge Assessment International Education is part of Cambridge Assessment. Cambridge Assessment is the brand name of the University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is a department of the University of Cambridge.

© UCLES 2022